# LEIERS DEUR DIE JARE (1912–1982)

**Kmdt C.J. Nöthling***
**Lt (SAV) E.M. Meyers***

## Armstrong, B.F., Genl maj, DSO (1893 – 1972)

Adjudant-generaal (3 Julie 1939 – 8 April 1940). Hy sluit in 1910 by die *Natal Police* aan en word in 1913 na die *SA Berede Skutters* oorgeplaas. Gedurende die Eerste Wêreldoorlog dien hy in die Britse Leër maar in 1919 sit hy sy loopbaan voort in die Unieverdedigingsmag. In 1923 word hy by die SA Staande Mag se Vestingsartillerie ingedeel waarvan hy die bevelvoerder in 1933 word. Ná die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog dien hy as Adjudant-generaal en bevelvoerder van Kommandement Natal en 5 Infanteriebrigade in Noord-Afrika waar hy krygsgevange geneem word. Ná sy ontsnapping in 1944 dien hy oa as bevelvoerder van Kommandement Witwatersrand. Voor sy uittrede op 28 Januarie 1953 neem hy by verskillende geleenthede waar as Kwartiermeester-generaal en Hoof van die Generale Staf.

## Armstrong, R.F., Lt genl, SSA, SM (geb 1917)

Hoof van Verdedigingstaf van 1 Maart 1974 tot 30 April 1974 (waarnemend) en 1 Mei 1974 tot 31 Mei 1976 (voltyds). Hy aanvaar diens in die Spesiale Diensbataljon in 1936 en word in dieselfde jaar in die Staande Mag opgeneem. Hierna word hy opgelei as vlieënier en hy lewer diens in die Tweede Wêreldoorlog, oa as bevelvoerder van 2 Eskader in die Midde-Ooste. Hy voer dieselfde eskader in die Koreaanse oorlog aan. Vanaf Oktober 1951 dien hy in verskeie bevelsposte, onder meer dié van Bevelvoerder Onderhoudsgroep. Voor sy aanstelling as Hoof van Staf in 1974, dien hy as Hoof van Lugstaf. Hy tree uit op 31 Mei 1976.

## Bekker, M.A., S adm, SD (geb 1933)

Kwartiermeester-generaal vanaf 1 Oktober 1976. Hy sluit in 1957 by die SA Vloot aan en dien op die *SAS Vrystaat* voor sy verplasing in 1961 na Brittanje waar hy by die Resident SA Vlootoffisier dien ivm die skeepsbouprogram. Hierna volg verskeie aanstellings, oa dié van Hoofbetaalmeester en Direkteur Logistieke Stelsels.

## Bergh, W.J., Lt genl, SD, SM (geb 1929)

Hoof van Staf Finansies sedert 17 Augustus 1979. Hy ondergaan navigasieopleiding in die Burgermag waarna hy in 1952 by die Staande Mag aansluit. Hierna dien hy as navigasie-instrukteur by die Navigasieskool en Militêre Akademie waar hy ook later as lektor in Chemie dien. In 1967 word hy 'n stafoffisier in die Hoof van Verdedigingstaf se afdeling en in 1968 volg sy oorplasing na die afdeling van die Komptroleur. In 1978 word hy Adjunk-hoof van Staf Finansies.

## Beyers, C.F., Brig genl (1869 – 1914)

Kommandant-generaal van die Burgermag (1 Julie 1912 – 15 September 1914). Gedurende sy leeftyd was hy regspraktisyn, politikus en veral militaris wat een van die mees omstrede figure in die geskiedenis van SA sou word. Hy veg in die Tweede Vryheidsoorlog as burger en Boere-generaal in veral die distrikte Waterberg en Zoutpansberg en tree op as Voorsitter van die Boere-afgevaardigdes by die vredesonderhandelinge in 1902. In 1910 word hy 'n lid van die Volksraad maar bedank in 1912 om Kommandant-generaal van die Burgermag te word. Op die vooraand van die Rebellie bedank hy uit sy pos en word een van die leiers van die opstand in 1914. Hy verdrink op 8 Desember 1914 in die Vaalrivier toe hy probeer om van 'n agtervolgingsmag te ontsnap.

## Bierman, J.N., Genl maj, SM, CBE (1910 – 1977)

Leërstafhoof (25 September – 31 Oktober 1959). Hy begin sy militêre loopbaan in 1934 in die SA Artillerie (Burgermag) en gedurende die Tweede Wêreldoorlog dien hy in 6 SA Divisie as artilleriebevelvoerder. In die na-oorlogse tydperk beklee hy verskeie poste, oa dié van waarnemende bevelvoerder van verskillende kommandemente. Hy was ook verbonde aan die Kantoor van die SA Hoë Kommissaris in Londen se Militêre Raadgewer. In 1931 het hy Suid-Afrika op die rugbyveld verteenwoordig en in een toets teen Ierland gespeel.

## Biermann, H.H., Adm, SSA, SD, OBE (geb 1916)

Vloot- en Marinestafhoof (1 Desember 1952 – 30 April 1955), Vlootstafhoof (1 Mei 1955 – 30 Junie 1966), Hoof van die Vloot (1 Julie 1966 – 31 Maart 1972), Kommandant-generaal (1 April 1972 – 30 Junie 1973), en Hoof van die SAW vanaf 1 Julie 1973 tot 31 Augustus 1976. Hy word in 1938 in die Suid-Afrikaanse afdeling van die Britse Vloot (Vrywilligerreserwe) aangestel. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog is hy bevelvoerder van *SMSAS Gamtoos* (Middelandse See). Voor sy aanstelling as Vloot- en Marinestafhoof in 1952 dien hy as vlootattaché in Brittanje. Gedurende sy ampstermyn as Vlootstafhoof en Hoof van die Vloot beklee hy ook die pos van Bevelvoerder Maritieme Verdediging. Hy tree uit die diens op 31 Augustus 1976.

## Blair-Hook, P.C.C., Brig (geb 1899)

Geneesheer-generaal (2 Januarie 1953 – 12 Februarie 1955). Gedurende die Eerste Wêreldoorlog sluit hy by die *Royal Flying Corps* aan en word as vlieënier opgelei. In 1924 sluit hy as mediese offisier by die Unieverdedigingsmag aan en dien in verskeie hoedanighede, oa as bevelvoerder van die militêre hospitale te Wynberg en Voortrekkerhoogte. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog dien hy in die Midde-Ooste en in die Unie as waarnemende Direkteur van Geneeskundige Dienste. Hy tree af op 12 Februarie 1955.

## Boshoff, G.J.J., Lt genl, SSA, SD, SM (geb 1931)

Hoof van Staf Personeel van 1 Februarie 1980 tot 31 Desember 1980. Hy sluit in 1954 by die Staande Mag aan en word in die Seinkorps aangestel. Hy dien as offisierinstrukteur by die Seinskool en in 1962 word hy bevelvoerder van

10 Seineskadron. Hierna volg verskeie aanstellings, onder meer dié van Bevelvoerder Noordwestelike Kommandement en Hoof van Leërstaf Logistiek. Hy dien ook as Adjunk-hoof van Staf Personeel. Hy verlaat die SAW op 31 Desember 1980.

## Botha, P.W., DVD (geb 1916)

Minister van Verdediging (2 April 1966 – 6 Oktober 1980) en Eerste Minister vanaf 28 September 1978. As Volksraadslid vir die kiesafdeling George onderskei hy hom as politikus en in 1958 word hy Adjunk-minister van Binnelandse Sake. In 1961 word hy Minister van Kleurlingsake en Gemeenskapsontwikkeling en in April 1966 Minister van Verdediging. Gedurende sy ampstermyn het die SAW dinamiese veranderinge ondergaan en verskeie mylpale is bereik soos byvoorbeeld die daarstelling van 'n nuwe dienspligstelsel, die vestiging van 'n lewenskragtige krygstuigvervaardigingsbedryf, die werwing van vroulike militêre personeel en lede van ander bevolkingsgroepe vir die Staande Mag en die implementering van funksionele organisatoriese veranderinge. In hierdie era word die SAW tot 'n parate organisasie uitgebou om te voldoen aan die eise van onkonvensionele oorlogvoering. Tydens sy termyn word gesofistikeerde wapentuig wat plaaslik ontwikkel is deur die SAW in gebruik geneem.

## Bourne, Sir H.R.M., KBE, CMG (1874 – 1932)

Sekretaris van Verdediging (4 Junie 1912 – 30 September 1922). In 1896 word hy as offisier in die *Royal Scots* aangestel en drie jaar later lewer hy aktiewe diens in die Tweede Vryheidsoorlog. Hy word Onder-sekretaris in die kantoor van die Koloniale Sekretaris (Transvaal) in 1910 en vanaf 1912 tot 1922 dien hy as die nuutgestigte verdedigingsorganisasie se eerste Sekretaris.

## Brink, A.J.E., Genl maj, CBE, DTD, DSO (1877 – 1947)

Sekretaris van Verdediging (1 Oktober 1922 – 31 Augustus 1937) en Hoof van die Generale Staf (21 September 1920 – 1 Mei 1933). Hy neem deel aan die ekspedisie teen Mpefu in 1898 en veg as veldkornet aan Boerekant in die Tweede Vryheidsoorlog. Gedurende die Eerste Wêreldoorlog dien hy in SWA en Oos-Afrika en in 1920 volg sy aanstelling as Hoof van die Generale Staf. Ná die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog word hy teruggeroep om oor die Burgermag-kommando's bevel te voer.

## Brink, C., Kol, DTD, DSO (1879 – 1956)

Kwartiermeester-generaal (1 April 1921 – 23 April 1937). Hy veg aan Boerekant tydens die Jameson-inval (1896) en gedurende die Tweede Vryheidsoorlog. Hy word by Paardeberg krygsgevange geneem maar hy ontsnap egter en sluit weer by die Republikeinse magte aan. Hy sluit in 1914 by die Staande Mag aan en dien in die Eerste Wêreldoorlog aan verskillende fronte, nl SWA, Oos-Afrika en Frankryk waar hy tot 55 Divisie toegevoeg word. In November 1920 word hy Assistent-kwartiermeester-generaal.

## Brink, G.E., Lt genl, DSO (1889 – 1971)

Direkteur van Leërorganisasie en -Opleiding (1 November 1937 – 14 Junie 1938), Adjunk-hoof van die Generale Staf (15 Junie 1938 – 30 September 1940), Direkteur-generaal van Krygsverrigtings en Opleiding (1 April 1939 – 11 September 1939), Bevelvoerder 1 SA Divisie en Direkteur-generaal van Demobilisasie (1 April 1945 – 31 Maart 1948). Hy tree toe tot die Departement van Verdediging in 1913 en 'n jaar later neem hy deel aan krygsoperasies teen genl J.C.G. Kemp. In die volgende 30 jaar dien hy in die Eerste Wêreldoorlog, tydens die opstand aan die Witwatersrand (1922) en in die Tweede Wêreldoorlog. In 1941 voer hy 1 SA Divisie in Libië aan en in 1942 voer hy bevel oor 'n besettingsmag in die Gazala-linie. Sy loopbaan as operasionele bevelvoerder word in dieselfde jaar deur 'n ernstige rugbesering beëindig.

## Broeksma, A.H., Kol, KC (1895 – 1977)

Sekretaris van Verdediging (1 September 1937 – 12 September 1939). Ná 'n briljante akademiese loopbaan wend hy hom tot die joernalistiek en die onderwys. In 1931 sluit hy by die staatsdiens aan en word regsadviseur in die Departement van Justisie en word later na die Departement van Buitelandse Sake oorgeplaas. In 1937 word hy Sekretaris van Verdediging, 'n pos wat hy tot sy aanstelling as Prokureur-generaal van die Kaapprovinsie beklee. In 1940 word hy Regter-advokaat van die Unieverdedigingsmag.

## Bronkhorst, H.J., Brig (geb 1906)

Kwartiermeester-generaal (1 Julie 1951 – 30 November 1953). Hy neem diens as kadet in die SA Lugmag in 1926 en word as vlieënier opgelei. Voor die Tweede Wêreldoorlog dien hy oa as vlieginstrukteur by Sentrale Vliegskool en bevelvoerder van 1 Lugdepot. Gedurende die oorlog verrig hy diens in Oos-Afrika voor sy aanstelling as bevelvoerder van die SA Lugmag se onderhouds-kommandement in 1940. Hy dien ook as Adjunk-direkteur van die SA Lugmag in Ceylon. Voor sy uittrede in 1953 het hy ook waargeneem as bevelvoerder van Kommandement Natal.

## Cilliers, H.S., Brig, SM, OBE (1907 – 1965)

Adjunk-hoof van die Staf (1 Augustus 1945 – 1 Maart 1946). Hy attesteer in die Lugmag en word as vlieënier opgelei. In Maart 1933 word hy na die Leër oorgeplaas en hy dien as offisiersinstrukteur by die SA Militêre Kollege. In die Tweede Wêreldoorlog lewer hy aktiewe diens in 1 SA Divisie en 6 Pantserdivisie en ná die oorlog beklee hy verskeie poste, oa dié van kommandementsbevelvoerder (Wits, Noord-Transvaal, OP, Wes-Transvaal en OVS), Militêre Adviseur (Londen) en Direkteur van Administrasie. Hy tree op 23 Mei 1962 uit die diens.

## Cluver, E.H., Kol (geb 1894)

Direkteur van Geneeskundige Dienste van 21 November 1934 tot 10 Oktober 1938 (deeltyds) en Direkteur-generaal van Geneeskundige, Gesondheids- en Tandheelkundige Dienste van 11 Oktober 1938 tot 18 Desember 1939 (deeltyds). Gedurende die Eerste Wêreldoorlog dien hy as mediese offisier in Frankryk en ná die oorlog word hy professor in Fisiologie aan die Mediese Skool van die Universiteit van die Witwatersrand. Hy was Sekretaris van Volksgesondheid in welke hoedanigheid hy tot in 1939 as hoof van geneeskundige dienste in die Unieverdedigingsmag optree.

## Cockcroft, C.R., Lt genl, SSA, SM (geb 1918)

Geneesheer-generaal (1 April 1969 – 31 Oktober 1977). Hy sluit in 1947 by die Staande Mag aan, maar bedank weer in 1949. Hierna is hy verbonde aan 5 en 7 Veldambulanse (Burgermag) totdat hy weer in 1960 by die Staande Mag aansluit. Hy beklee oa die poste van Bevelvoerder 1 Militêre

Hospitaal, Direkteur Professionele Dienste en Adjunk-geneesheer-generaal. Hy tree uit op 31 Oktober 1977.

## Collyer, J.J., Brig genl, CB CMG, DSO (1870 – 1941)

Adjudant-generaal (2 Augustus 1915 – 14 Oktober 1919) en Hoof van die Generale Staf (4 Junie 1917 – 14 Oktober 1919). As 'n Brit van geboorte kom hy in 1889 na die Kaap en sluit aan by die *Cape Mounted Rifles*. Hy neem deel aan die Tweede Vryheidsoorlog en in 1904 word hy aangestel op die staf van die Kommandant-generaal van die koloniale magte in die Kaap. Hy sluit in 1912 by die Staande Mag aan en gedurende die Eerste Wêreldoorlog neem hy deel aan die veldtog in Duitswes- en Oos-Afrika. In die tydperk 1917 – 1919 neem hy by geleentheid waar as Sekretaris van Verdediging. Hy dien vanaf 1935 op die Verdedigingsraad en op die vooraand van die Tweede Wêreldoorlog word hy Direkteur van die Reserwe.

## Cresswell, F.H.P., DSO (1866 – 1948)

Minister van Verdediging (30 Junie 1924 – 29 Maart 1933). Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog dien hy in die *Imperial Light Horse* en neem deel aan die gevegte by Elandslaagte, Ladysmith en in Transvaal. Vanaf 1910 is hy aktief bedrywig in die politiek as arbeidsleier. Hy dien in die Eerste Wêreldoorlog waarna hy sy politieke loopbaan voortsit. In 1923 sluit hy as leier van die Arbeidersparty 'n ooreenkoms met genl J.B.M. Hertzog en word een jaar later Minister van Verdediging in die "Pakt"-regering.

## Cuff, H.F. (1895 – 1964)

Sekretaris van Verdediging (1 Januarie 1946 – 8 Augustus 1955). Gedurende die Eerste Wêreldoorlog dien hy in die SA Infanterie en in die geniekorps. Voor sy aanstelling as Sekretaris van Verdediging in 1946 beklee hy verskeie poste in die staatsdiens.

## Dalgleish J., Kdoor, OBE (1891 – 1964)

Direkteur van die SA Verdedigingsmag ter See (29 Maart 1941 – 30 April 1946) en Direkteur van die SA Seemag (1 Mei 1946 – 30 November 1946). As jong seun sluit hy by die Britse Koninklike Vloot aan en dien in die Eerste Wêreldoorlog. In 1922 sit hy sy loopbaan voort in die Suid-Afrikaanse Afdeling van die Koninklike Mariniers-vrywilligerreserwe en hy dien op verskeie skepe voor sy oorplasing na die SA Vlootdiens in 1923. Voor sy aanstelling as Direkteur van die SA Verdedigingsmag ter See in 1941, dien hy op skepe soos die *HMSAS Protea* en *HMS Afrikander 11*. Gedurende sy loopbaan was kdoor Dalgleish ten nouste betrokke by die maak van hidrografiese opnames langs die kuslyne van SA en SWA. Hy tree af op 30 November 1946.

## Daniel, H.C., Brig, CBE, MC, AFC (1898 – 1953)

Direkteur van Lug- en Tegniese Dienste (1 November 1937 – 30 Junie 1939) en Direkteur van die Lugdiens (1 Julie 1939 – 12 September 1939). In 1917 sluit hy by die Britse Lugmag aan en word in Februarie 1923 na die SA Lugmag oorgeplaas. Hy word in September 1936 bevelvoerder van die Vliegtuig- en artilleriedepot en in die volgende jaar Direkteur van Lug- en Tegniese Dienste. Brig Daniel, wat met onderskeiding in die Tweede Wêreldoorlog gedien het, is op 28 Desember 1953 oorlede.

## Dean, F.J., Kdoor, OBE (geb 1900)

Direkteur van die SA Seemag (1 Desember 1946 – 30 Junie 1951). Na 'n dienstermyn in die Britse Vloot sluit hy in 1928 by die SA Vlootdiens aan en voor die Tweede Wêreldoorlog dien hy oa op die opmetingskip *HMSAS Protea*. Gedurende die oorlog is hy in bevel van die SA Verdedigingsmag ter See se mynveegflottielje. Ná die verstryking van sy ampstermyn as Direkteur van die SA Seemag neem hy in 1951 en 1952 by geleenthede waar as Vloot- en Marinierstafhoof. Voor sy uittrede op 31 Desember 1955 dien hy as Militêre en Lugadviseur in Londen.

## De Villiers, J.P., (1907 – 1965)

Sekretaris van Verdediging (9 Augustus 1955 – 25 September 1965). Hy is in Douglas gebore en het by die ingenieursafdeling van die Poskantoor begin werk. Ná 'n dienstermyn by die Departement van Naturellesake word hy ná die Tweede Wêreldoorlog na die Demobilisasiekantoor oorgeplaas. Voor sy aanstelling as Sekretaris van Verdediging, is hy verbonde aan die Staatsdienskommissie. Hy is op 25 September 1965 oorlede.

## De Waal, P., Brig, CB, CBE (1899 – 1977)

Direkteur-generaal van Krygsverrigtings (15 September 1939 – 20 Mei 1940), Direkteur-generaal van Opleiding en Organisasie (28 Januarie 1941 – 21 Maart 1941), Adjunkhoof van Staf (21 Maart 1941 – 8 Februarie 1944), Kwartiermeester-generaal (1 Oktober 1945 – 30 Junie 1951), Adjunkhoof van die Generale Staf/Direkteur-generaal van Opleiding en Operasies (9 Augustus 1948 – 9 November 1948) en Vloot-en Marinierstafhoof (1 Julie 1951 – 30 November 1952). Brig De Waal, wat in 1922 by die Staande Mag aangesluit het, het gedurende die Tweede Wêreldoorlog gedien op die staf van genl Dwight Eisenhower.

## De Wet, E.J., Brig, SM, OBE (1907 – 1972)

Waarnemende Adjudant-generaal (12 Oktober 1960 – 29 Januarie 1962). Hy begin sy militêre loopbaan in 1929 in die Staande Mag. Hy neem sy ontslag in 1930 maar sluit weer in 1936 aan. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog is hy oa die Unieverdedigingsmag se basisbevelvoerder in die Midde-Ooste. Ná die oorlog beklee hy verskeie poste, oa dié van waarnemende bevelvoerder van Kommandement Noord-Transvaal. Hy tree in 1962 af, maar bly verbonde aan die SAW tot in 1972.

## Du Plessis, W.H., Brig, OBE (geb 1897)

Direkteur-generaal van Geneeskundige Dienste (1 September 1945 – 14 Maart 1949) en Geneesheer-generaal (15 Maart 1949 – 2 Januarie 1953). Hy sluit in 1916 by die *Duke of Edinburgh's Own Rifles* aan en gedurende die Eerste Wêreldoorlog dien hy as infanteris en artilleris. In 1934 sluit hy by die Regiment Suidwestelike Distrikte aan en word regimentsbevelvoerder in September 1939. In 1940 kry hy 'n oorplasing na die SA Mediese Korps en in die Tweede Wêreldoorlog dien hy oa as Adjunk-direkteur van Geneeskundige Dienste in die Midde-Ooste. In Junie 1945 word hy na die Unie teruggeroep om as Direkteur-generaal van Geneeskundige Dienste by genl maj A.J. Orenstein oor te neem.

## Durrant, J.T., Genl maj (t), CB, DFC (geb 1913)

Direkteur-generaal van die Lugdiens (SALM) van 1 Oktober 1946 tot 30 Junie 1951. Hy begin sy militêre loopbaan in 1933 in die Lugmag en kwalifiseer as vlieënier in 1934. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog beklee hy verskeie bevelsposte, oa dié van bevelvoerder van 24 Eskader (Oos-Afrika), die Durbanse lugverdedigingstelsel en lugmagstasie Zwartkop. In die laaste jaar van die oorlog is hy toegevoeg tot die Britse Lugmag en op die jeugdige ouderdom van 32 jaar word hy tot generaal-majoor (oorlogsrang) bevorder en aangestel as bevelvoerder van 231 Bomwerpersgroep. Hy verlaat die SA Lugmag op 29 Februarie 1952.

## Du Toit, C.L. de Wet ('Matie'), Lt genl, DSO (geb 1901)

Direkteur-generaal van die Landmag (10 November 1948 – 23 April 1950) en Hoof van die Generale Staf (16 Maart 1950 – 22 September 1956). Hy sluit in 1924 by die Staande Mag aan maar kry 'n aanstelling in die Departement van Justisie in 1926. Hy word in 1928 weer in die Staande Mag aangestel en voor die Tweede Wêreldoorlog dien hy in verskeie bevelsposte, oa as bevelvoerder van die Artillerieskool. Hy lewer aktiewe diens in die Tweede Wêreldoorlog, onder meer as artilleriebevelvoerder van 1 SA Divisie en bevelvoerder van 2 SA Infanteriebrigade en 11 Pantserbrigadegroep.

## Du Toit, H. de V., Lt genl, SSA, SM (geb 1926)

Direkteur-generaal van Militêre Inligting (19 Julie 1971 – 30 April 1974) en Hoof van Staf Inligting (1 Mei 1974 – 31 Desember 1977). Hy word in 1953 in die Staande Mag aangestel. In 1964 word hy stafoffisier in die Direktoraat Militêre Inligting en in 1966 Adjunk-direkteur Militêre Inligting. Hy dien ook as Direkteur Teeninligting.

## Dutton, J.R., Lt genl, SSAS, SD, SM (geb 1928)

Direkteur-generaal van Operasies (1 Junie 1976 – 28 Februarie 1981). Tans die RSA se Buitengewone Ambassadeur en Gevolmagtigde in Chili. Hy sluit in 1947 by die Staande Mag aan en ná voltooiing van sy kadetkursus dien hy as offisierinstrukteur by 1 Spesiale Diensbataljon en troepebevelvoerder in *1 Royal Tank Regiment* gedurende die Koreaanse oorlog (1953). In 1961 word hy 'n offisierinstrukteur by die Artillerie- en pantserskool en in 1964 Bevelvoerder 2 Pantserkarregiment en 1 Spesiale Diensbataljon. Hy dien hierna as Bevelvoerder Kommandement Oostelike Provinsie, Direkteur Pantser en Hoof van Leërstaf Operasies (lg vanaf 1 Julie 1973).

## Edwards, R.A., V adm, SSAS, SM (geb 1923)

Hoof van Staf Personeel (1 Oktober 1977 – 31 Januarie 1980) en Hoof van die Vloot vanaf 1 Februarie 1980. Hy sluit in Junie 1940 by die Burgermag aan en dien in 2 Lugafweerartillerie-brigade en die Tegniese Dienskorps. Hy sluit in 1946 by die Staande Mag aan en word oa Bevelvoerder 8 Kusartillerie. Ná 'n dienstydperk in die SA Marinierskorps word hy in 1955 na die SA Vloot oorgeplaas en hy dien oa as Bevelvoerder SA Vloot Skeepswerfpolisie (Simonstad) en Direkteur-generaal Organisasiestudies, Hoof van Staf se afdeling. Later dien hy ook as Adjunk-hoof van Staf Personeel. Sy uittrede op 30 September 1982 is reeds aangekondig.

## Engelbrecht, S.A., Genl maj, SM (geb 1913)

Leërstafhoof (1 November 1959 – 3 Maart 1963). Hy begin sy militêre loopbaan in 1936 in die Spesiale Diensbataljon waarna hy by die Staande Mag aansluit. Gedurende sy loopbaan was hy oa verbonde aan die SA Militêre Kollege en die Pioniersbataljon. Voor sy aanstelling as Leërstafhoof in November 1959, dien hy ook as Hoofkommandant van die Burgermag. Hoewel hy reeds in 1963 met vervroegde pensioen uit die diens tree, word hy in 1976 weer aangestel en hy dien in militêre hoedanigheid tot in April 1978.

## Erasmus, F.C., Adv (1896 – 1967)

Minister van Verdediging (4 Junie 1948 – 12 Desember 1959). Hy begin sy loopbaan in die regswese en word in 1927 as Assistent-prokureur-generaal van SWA aangestel. Hierna tree hy toe tot die politiek en word tot die Volksraad verkies in 1933. In 1948 word hy in dr D.F. Malan se kabinet opgeneem as Minister van Verdediging en 'n nuwe era in die geskiedenis van die SAW word ingelui. Adv Erasmus het 'n leidende rol gespeel in die oorname van Simonstad deur die Suid-Afrikaanse regering. Daarbenewens word hy allerweë gehuldig vir sy baanbrekerswerk om 'n gunstiger bedeling vir Afrikaanssprekendes in die Unieverdedigingsmag te skep. In 1959 word hy Minister van Justisie, 'n pos wat hy beklee tot in 1961 toe hy ambassadeur in Italië word.

## Fouché, J.J., DVD (1898 – 1980)

Minister van Verdediging (14 Desember 1959 – 1 April 1966) en later Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika. Gedurende sy lewe was hy bekend as boer, politikus, Administrateur en Staatspresident. As Volksraadslid verteenwoordig hy die kiesafdeling Smithfield vanaf 1941 tot 1950 waarna hy as Administrateur van die Oranje-Vrystaat aangestel word, 'n pos wat hy beklee tot sy aanstelling as Minister van Verdediging. In 1966 word hy Staatspresident van die RSA.

## Fraser, C.A., Genl, SSA, SM (geb 1915)

Leërstafhoof (1 Januarie 1966 – 30 Junie 1966) en Hoof van die Leër (1 Julie 1966 – 30 November 1967). Ná 'n kort dienstydperk in die *Duke of Edinburgh's Own Rifles* (BM) sluit hy by die Staande Mag aan. Hierna ontvang hy opleiding as vlieënier en artilleris en gedurende die Tweede Wêreldoorlog lewer hy aktiewe diens as bevelvoerder van 1 Veldbattery en 1/6 Veldregiment in 6 SA Pantserdivisie. Ná sy dienstermyn as Hoof van die Leër word hy op 1 Desember 1967 aangewys as Bevelvoerende Generaal Gesamentlike Gevegsmagte. Hy tree uit op 30 Junie 1973.

## Geldenhuys, J.J., Lt genl, SSAS, SD, SM (geb 1935)

Hoof van die Leër vanaf 7 Oktober 1980. Hy word in Januarie 1954 as kandidaatoffisier (SM) aangestel en ná behaling van die graad BA(Mil) dien hy as offisierinstrukteur by 1 Spesiale Diensbataljon. Op 1 Mei 1974 word hy bevelvoerder van Kommandement SWA maar in Desember daardie jaar is hy terug by Leërhoofkwartier in Pretoria. Op 1 Augustus 1977 word hy Bevelvoerende Generaal SWA Gebiedsmag, 'n pos wat hy beklee tot in Oktober 1980 toe hy genl C.L. Viljoen as Hoof van die Leër opvolg.

## Gleeson, I.R., Lt genl, SSAS, SD, SM (geb 1934)

Hoof van Staf Operasies sedert 1 Maart 1981. Hy begin sy militêre Loopbaan in 1953 as kwekeling in die SA Leërgimnasium en sluit 'n jaar later by die Staande Mag aan. In 1955 word hy as tweede luitenant aangestel in die Infanteriekorps en hy dien hierna as offisierinstrukteur en stafoffisier by Leërhoofkwartier. In 1971 word hy Bevelvoerder 2 SA Infanteriebataljon en in 1972 voer hy die bevel oor Militêre Basis Walvisbaai. Hierna volg aanstellings as Bevelvoerende Generaal 101 Taakmag (1976 – 1977) en Hoof van Leërstaf Operasies op 15 Januarie 1978.

## Grobbelaar, P.H., Kmdt genl, SSA, DSO (geb 1908)

Adjudant-generaal (12 Januarie 1953 – 30 April 1953), Leërstafhoof (1 Mei 1953 – 24 September 1958) en Kommandant-generaal (31 Desember 1960 – 30 Desember 1965). Ná 'n dienstydperk in die Aktiewe Burgermag sluit hy in 1933 by die Staande Mag aan. In 1941 word hy bevelvoerder van die Opleidingsinrigting vir Pantsertroepe (Ladysmith) en 7 Bataljon, Pantserwaverkenners. Twee jaar later dien hy as Tweede in bevel van die 12 SA Gemotoriseerde Brigade in die Midde-Ooste. Ná die oorlog is hy vervolgens Bevelvoerder Kommandement Oranje-Vrystaat, Noord-Transvaal en SA Militêre Kollege. Hy dien ook as bevelvoerder van die Jeugopleidingsbrigade. Voor sy aanstelling as Kommandant-generaal in 1960, is hy Inspekteur-generaal.

## Hallifax, G.W., S Adm, CMG (1884 – 1941)

Direkteur van die Suid-Afrikaanse Verdedigingsmag ter See van 16 September 1939 tot 28 Maart 1941. Hy sluit in 1899 by die Britse Vloot aan en onderskei hom as skeepsoffisier en -kaptein gedurende die Eerste Wêreldoorlog. Voor sy aanstelling as Direkteur van Seindiens by die Britse Admiraliteit in 1934 voer hy bevel oor verskillende slagskepe, oa die *HMS Malaya*. Hy tree in 1935 uit die diens om Sekretaris van die Goewerneur-generaal van die Unie te word. In 1939 aanvaar hy die direkteurskap van die beoogde Suid-Afrikaanse Verdedigingsmag ter See, 'n pos wat hy tot sy dood in 'n vliegtuigongeluk op 28 Maart 1941 beklee.

## Hartzenberg, C.H., Genl maj, SSA, SM (geb 1914)

Adjudant-generaal (1 Jan 1960 – 30 November 1965) en Hoof van Weermagadministrasie (1 Desember 1965 – 14 Julie 1968). Hy sluit in Augustus 1933 by die Spesiale Diensbataljon aan en word in die volgende jaar by die SA Lugmag ingedeel waar hy tot senior stafoffisier vorder. Gedurende die Koreaanse oorlog dien hy by die SA Lugmag se skakelhoofkwartier in Tokio. Hy aanvaar diens as waarnemende Adjudant-generaal in Oktober 1959 en op 1 Januarie 1960 word hy voltyds in dié pos aangestel. Vanaf 15 Julie 1968 dien hy as Kommissaris by die Staatsdienskommissie.

## Hiemstra, R.C., Genl, SSA, SM (geb 1912)

Adjudant-generaal (1 Mei 1953 – 14 Januarie 1959) en Kommandant-generaal (1 Oktober 1965 – 31 Maart 1972). Hy sluit in 1931 by die Staande Mag aan, word vlieginstrukteur en bevelvoerder van 'n eskader in die SA Lugmag. Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog weier hy om die eed vir Afrikadiens af te lê en verrig diens in die Unie tot in 1941. In 1948 word hy skakeloffisier van die Minister van Verdediging en dien vervolgens as lug- en militêre attaché in Swede, Parys, Holland en België. Ná sy terugkeer in 1951 word hy Senior Stafoffisier Organisasie en Administrasie by die SA Lugmaghoofkwartier maar in die volgende jaar kry hy 'n oorplasing na die SA Stafkorps. Hy het ook die pos van Inspekteur-generaal beklee en in 1966 het hy in sy hoedanigheid as Kommandant-generaal Sekretaris van Verdediging geword.

## Hingeston, W.H., Brig, CBE (geb 1906)

Adjudant-generaal van 2 Julie 1946 tot 30 Junie 1948. Hy sluit in 1929 by die Staande Mag aan en kwalifiseer as vlieënier in die SA Lugmag in 1931. Voor die Tweede Wêreldoorlog dien hy oa as Adjudant op die staf van die SA Lugmag (Pretoria) en stafoffisier in die afdeling van die Adjudant-generaal. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog beklee hy verskillende poste, onder meer dié van Senior Stafoffisier SA Lugmag (Unie) en Senior Administratiewe Offisier SA Lugmag in die Midde-Ooste. In 1948 word hy bevelvoerder van Kommandement Witwatersrand en in 1949 word hy addisionele Aide-de-Camp (Unie) vir die Koning. Hy tree af op 1 Julie 1955.

## Holthouse, J., Brig, OBE (1891 – 1964)

Direkteur van die Lugdiens (13 September 1939 – 3 November 1939) en Direkteur-generaal van die Lugdiens (4 November 1939 – 25 November 1940). Hy sluit in 1918 by die Britse Lugmag aan en word in Januarie 1921 by die SA Lugmag ingedeel. Op 1 Mei 1933 word hy aangestel as die Lugmag se kampkommandant te Robertshoogte en bevelvoerder van die Vliegtuig- en artilleriedepot. Van 1936 af tot in 1939 is hy verbonde aan die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens se Lugdiensafdeling. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog dien hy as Lug- en Militêre attaché in die VSA. Hy verlaat die Unieverdedigingsmag op 31 Oktober 1945.

## Holtzhausen, R.F., Lt genl, SD, SM (geb 1934)

Hoof van Staf Personeel sedert 1 Januarie 1981. Hy sluit in 1951 by die Staande Mag aan en dien as pelotonleier by 1 Spesiale Diensbataljon, instrukteur by die Artillerie- en pantserskool en Stafoffisier Operasies te Leërhoofkwartier. In 1972 word hy aangestel as bevelvoerder van die Infanterieskool, 'n pos wat hy beklee tot sy aanstelling as Direkteur Spesiale Projekte (Leërhoofkwartier) in 1974. Hierna dien hy ook as Hoof van Leërstaf Personeel totdat hy aangestel word as Bevelvoerende Generaal 1 SA Korps op 1 Januarie 1977. Hy word Inspekteur-generaal (SA Leër) in 1979.

## Jacobs, P.J., Veggenl, SSA, SM (1910 – 1967)

Leërstafhoof (4 Maart 1963 – 31 Desember 1965). Hy begin sy militêre loopbaan in 1931 as lid van die *Prince Alfred Guards* (Burgermag) en kwalifiseer as vlieënier in die SA Lugmag in 1939. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog verrig hy krygsdiens in 2 SA Divisie en in *Wits Rifles* (Italië). Voor sy aanstelling as Leërstafhoof in 1963, dien hy in verskillende hoedanighede, oa as hoofinstrukteur en bevelvoerder van die SA Militêre Kollege.

## Johnson, J., V adm, SSA, SM, DSC (geb 1918)

Hoof van die Vloot (1 April 1972 – 30 September 1977). Hy sluit in 1935 by 'n skeepsredery aan en dien terselfdertyd as adelbors in die Britse Vloot (Reserwe). Gedurende die Tweede Wêreldoorlog dien hy in die Atlantiese Oseaan, Oos-Indië, die Engelse Kanaal en die Middellandse See waar hy bevel voer oor 'n petroltenkskip op die Alexandria-Tobruk-roete. In Julie 1946 sit hy sy loopbaan voort in die SA Seemag en hy beklee verskeie poste, oa dié van Bevelvoerder *SAS Bloemfontein* en *SAS Transvaal*, SA Vlootgimnasium en *SAS President Pretorius*. Hy word Vlootstafhoof in November 1969. Hy tree af op 30 September 1977.

## Joubert, S.J., Brig, DSO (1904 – 1970)

Adjudant-generaal vanaf 12 Desember 1948 tot 11 Januarie 1953. Hy attesteer in 1924 in die Staande Mag en dien in die SA Lugmag tot in 1931 waarna hy na die Veldartillerie oorgeplaas word. Hierna is hy oa verbonde aan Kommandement Witwatersrand en Verdedigingshoofkwartier. Hy dien in die Tweede Wêreldoorlog in verskillende poste, onder meer as stafoffisier in 1 SA Divisie en 6 SA Pantserdivisie. Voor sy aanstelling as Adjudant-generaal dien hy ook as Adjunk-kwartiermeester-generaal en waarnemende Adjudant-generaal.

## Klopper, H.B., Kmdt genl, DSO (1902 – 1978)

Direkteur-generaal van die Landmag (24 April 1950 – 11 September 1952), Leërstafhoof (12 September 1952 – 30 April 1953) en Kommandant-generaal (23 September 1956 – 24 September 1958). Sy toetrede tot die Unieverdedigingsmag in 1924 was die begin van 'n kleurryke en opwindende militêre loopbaan. Hy was die bevelvoerder van die garnisoen in Tobruk ten tye van die Geallieerde oorgawe daarvan in Junie 1942 en hy is as krygsgevange na Italië gestuur waar hy ontsnap het. Ná 'n tog van 240 km deur vyandelike gebied sluit hy weer by die Geallieerde magte aan. In 1945 word hy bevelvoerder van die Noordelike Kommandement. Hy word Inspekteur-generaal in Mei 1953.

## Kotze, H.A., Lt genl, SM (geb 1919)

Kwartiermeester-generaal (1 Augustus 1974 – 31 Desember 1974). Hy sluit in 1938 by die Staande Mag aan ná 'n dienstydperk in die Spesiale Diensbataljon. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog dien hy in verskeie administratiewe eenhede en in die Koreaanse oorlog word hy Betaalmeester van 2 Eskader aldaar. Hierna dien hy as bevelvoerder van Diensvakskool en in 1969 word hy aangestel as waarnemende Hoof van Ondersteuningsdienste en vervolgens Adjunk-hoof van die Leër (Logistiek).

## Laubscher, H.P., Lt genl, SSA, SM (geb 1916)

Hoof van Weermagadministrasie (1 Junie 1970 – 31 Maart 1974) en Hoof van Staf Logistiek (1 April 1974 – 31 Desember 1974). Hy sluit in Junie 1936 by die Staande Mag aan en voor die Tweede Wêreldoorlog dien hy by voorraaddepots in Pretoria en Kaapstad. Gedurende die oorlog is hy as Kampkwartiermeester en Kwartiermeester verbonde aan die Administratiewe Hoofkwartier by Helwan (Midde-Ooste) en 6 Pantserdivisie in Italië. Ná die oorlog dien hy oa as Betaal- en kwartiermeester by die SA Militêre Kollege en die SA Kroningskontingent (1953). Hy dien by die afdeling van die Kwartiermeester-generaal by Verdedigingshoofkwartier tot in 1957 toe hy na die afdeling van die Kommandant-generaal oorgeplaas word. Hy dien vanaf 1966 by die afdeling van die Hoof van Verdedigingstaf waar hy Direkteur van Administrasie word.

## Le Grange, P.A., Lt genl, SSA, SM (geb 1916)

Hoof van Staf Personeel (1 Mei 1974 – 30 September 1977). Ná 'n kort dienstydperk in die Spesiale Diensbataljon attesteer hy in 1937 in die SA Lugmag. Hy dien in die Tweede Wêreldoorlog in verskillende hoedanighede, oa as Adjudant van 2 Eskader in Italië en Sicilië. Vanaf 1945 dien hy onder meer as Adjudant van 68 Lugskool, 2 Eskader gedurende die Koreaanse oorlog en Sentrale Vliegskool. In 1963 word hy vir 'n kort tydperk bevelvoerder van Lugmagstasie Voortrekkerhoogte voordat hy as stafoffisier na die Adjudant-generaal se afdeling oorgeplaas word. In Maart 1974 word hy waarnemende Direkteur-generaal van Personeel, 'n pos wat hy onder die nuwe benaming Hoof van Staf Personeel beklee tot sy uittrede op 30 September 1977.

## Lemmer, I., Lt genl, SD, SM (geb 1931)

Waarnemende Hoof van Staf Inligting (4 Oktober 1977 – 14 Junie 1978) en Hoof van Staf Logistiek sedert 1 Augustus 1978. Hy sluit in 1950 by die Staande Mag aan en dien vervolgens as transport- en opleidingoffisier by 16 Veldeskadron en Genieskool onderskeidelik. In 1964 word hy Bevelvoerder 1 Saamgestelde Konstruksieregiment en drie jaar later word hy aangestel as Direkteur Genie by Leërhoofkwartier. Hierna dien hy as bevelvoerder van die Kommandemente Oranje-Vrystaat en Suid-Kaap, Hoof van Leërstaf Logistiek en Adjunk-hoof van staf Inligting. Ná sy dienstermyn as waarnemende Hoof van Staf Inligting, word hy op 1 Julie 1978 Adjunk-hoof van Staf Logistiek.

## Louw, W.P., Lt genl, SSA, SM (1920 – 1980)

Hoof van die Leër (1 Desember 1967 – 30 Junie 1973) en Inspekteur-generaal (SAW) van 1 Oktober 1973 tot 31 Maart 1975. Hy ontvang sy militêre opleiding in 1938 in die Spesiale Diensbataljon waarna hy by die Staande Mag aansluit. Hy dien met onderskeiding gedurende die Tweede Wêreldoorlog as lid van 6 Pantserdivisie en neem deel aan krygsoperasies in Noord-Afrika en Italië. In 1960 word hy die stigter en eerste bevelvoerder van 1 Valskermbataljon en vyf jaar later volg sy aanstelling as Bevelvoerder Kommandement Noord-Transvaal. In Desember 1967 word hy tot luitenant-generaal bevorder en aangestel as Hoof van die Leër. Hy tree uit op 31 Maart 1975.

## Lukin, H.T., Genl maj Sir, KCB, CMG, DSO (1860 – 1925)

Inspekteur-generaal van die Staande Mag (1 Julie 1912 – 20 Julie 1915). Hierdie gebore Brit sluit in 1879 by *Bengough's Horse* aan en word tydens die slag van Ulundi gewond. Hy verrig ook krygsdiens as lid van die *Cape Mounted Riflemen* in die Basoeto-oorlog en die Langebergveldtog in Botswana (1897). In die Tweede Vryheidsoorlog is hy by verskeie gevegte betrokke, oa by Wepener en Aliwal-Noord. Met die stigting van die Unieverdedigingsmag in 1912, word hy die eerste offisier om die bevel oor die Staande Mag te voer. Gedurende die Eerste Wêreldoorlog dien hy oa as Bevelvoerende Generaal van die Uniemagte in SWA en bevelvoerder

van die SA Brigade in Egipte en Frankryk. Hy voer die Suid-Afrikaanse kontingent tydens die Slag van Delville-bos aan en word later bevelvoerder van die 9de Skotse Divisie. Hy tree uit in Januarie 1919.

## Malan, M.A. de M., Genl, SSA, SD, SM (geb 1930)

Hoof van die Leër (1 Julie 1973 – 31 Augustus 1976), Hoof van die SAW (1 September 1976 – 6 Oktober 1980) en Minister van Verdediging sedert 7 Oktober 1980. Hy sluit in April 1950 by die Staande Mag aan en ná behaling van die graad BSc (Mil) dien hy in die Kus- en lugafweerartillerie. In Januarie 1955 word hy kompaniebevelvoerder by die Leërgimnasium en in 1957 kry hy 'n oorplasing na die afdeling van Leërstafhoof. Vanaf 1960 is hy verbonde aan die Militêre Akademie en ná voltooiing van 'n kursus by Fort Leavenworth (VSA) beklee hy verskillende poste, onder meer dié van Bevelvoerder Kommandement SWA en Militêre Akademie. Op 1 Februarie 1972 word hy aangestel as Bevelvoerder Kommandement Westelike Provinsie, 'n pos wat hy beklee tot sy aanstelling as Hoof van Leërstaf in April 1973. Enkele maande later word hy Hoof van die Leër en in 1976 volg sy aanstelling as Hoof van die SAW. In Oktober 1980 volg hy mnr P.W. Botha op as Minister van Verdediging.

## Markgraaff, G.H.F., Genl maj, SM (geb 1914)

Waarnemende Hoof van Weermagadministrasie van 28 Januarie 1968 tot 8 April 1968 en van 15 Julie 1968 tot 12 November 1968; Hoof van Personeel/Direkteur-generaal van Personeel van 13 November 1968 tot 30 April 1974, 'n posbedeling onder Hoof van Weermagadministrasie. Hy sluit in 1934 by die Staande Mag aan en gedurende die Tweede Wêreldoorlog is hy as voorraadoffisier verbonde aan die Vliegtuig- en artilleriedepot. In 1943 dien hy op die staf van Hoof van die Generale Staf en tien jaar later word hy na die afdeling van die Adjudant-generaal oorgeplaas. Gedurende sy loopbaan beklee hy verskeie belangrike poste, onder meer dié van Hoofkommandant van die Kadette en Militêre Sekretaris van die Kommandant-generaal. By geleenthede neem hy waar as Adjudant-generaal en Kwartiermeester-generaal.

## Martin, H.J., Lt genl, SM, CBE, DFC (geb 1910)

Kwartiermeester-generaal (1 Desember 1953 – 31 Oktober 1959), Lugstafhoof (1 Mei 1965 – 30 Junie 1966), Hoof van die Lugmag (1 Julie 1966 – 30 November 1967) en Hoof van die Verdedigingstaf (1 Desember 1967 – 31 Desember 1968). Hy sluit in 1935 by die Staande Mag aan en verwerf sy vleuels in die SA Lugmag 'n jaar later. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog voer hy 12 Eskader en later 3 Bomvleuel in Noord-Afrika aan. Tot en met sy aanstelling as Kwartiermeester-generaal in 1953 beklee hy verskeie bevelposte by veral Lugmageenhede. Voor sy aanstelling as Lugstafhoof in 1965, dien hy as Lug- en Vlootattaché in Londen. Ná sy uittrede in 1968 word hy medeskrywer van 'n aantal historiese kronieke oor die Suid-Afrikaanse magte se rol in die Tweede Wêreldoorlog. In 1937 het hy sy land in 'n rugbytoets teen Australië verteenwoordig.

## Melville, S.A., Kmdt genl, SSA, OBE (1904 – 1977)

Lugstafhoof (25 Augustus 1954 – 22 September 1956) en Kommandant-generaal (25 September 1958 – 30 Desember 1960). Hy sluit in 1924 by die Staande Mag aan en dien in die Veldartillerie. Hy neem egter sy ontslag en word vervolgens handelsmatroos, avonturier en bokser. In 1929 sluit hy weer aan en word as vlieënier opgelei. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog lewer hy aktiewe diens in Oos-Afrika en Italië. Ná sy dienstermyn as Lugstafhoof word hy Inspekteur-generaal, 'n pos wat hy beklee tot sy aanstelling as Kommandant-generaal. Ná sy uittrede dien hy tot in 1974 op die direksie van die Krygstuigraad.

## Mentz, H., Kol, DTD (1877 – 1938)

Minister van Verdediging van 19 Maart 1920 tot 29 Junie 1924. Gedurende sy leeftyd het hy bekendheid verwerf as regspraktisyn, politikus en krygsman. Hy veg onder genl Ben Viljoen in die Tweede Vryheidsoorlog aan die Natalse front en dien later op die staf van genl C.F. Beyers. In 1910 word hy Volksraadslid vir Soutpansberg en tydens die Rebellie (1914) is hy militêre bevelvoerder in Noord-Transvaal. Hy neem ook deel aan die veldtog in Duitswes-Afrika.

## Mitchell-Baker, J., Lt genl, CB, CBE, DSO (1878 – 1956)

Kwartiermeester-generaal (1 Desember 1939 – 30 September 1945). Hy veg aan Britse kant in die Tweede Vryheidsoorlog waarna hy in die *Transvaal Scottish* dien. Gedurende die Eerste Wêreldoorlog dien hy in 1 SA Infanteriebrigade (Frankryk) en hierna dien hy oa as distriksoffisier (Oos-Londen) en stafoffisier by Verdedigingshoofkwartier. In 1923 neem hy waar as Hoof van die Generale Staf en Sekretaris van Verdediging. Hy tree af in 1933, maar word gedurende die Tweede Wêreldoorlog teruggeroep om as Kwartiermeester-generaal te dien.

## Moll, G.T., Genl Maj, SM (geb 1917)

Hoof van die Verdedigingstaf (1 Julie 1966 – 30 November 1967). Hy sluit in 1935 by die Staande Mag aan en kwalifiseer as vlieënier in 1936. Enkele dae ná die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog word hy as 'n vlugbevelvoerder by die Sentrale Vliegskool aangestel en in Desember 1942 vertrek hy as aanvoerder van 17 Eskader na die gevegsfront in die Midde-Ooste. Gedurende die oorlog dien hy oa ook as Bevelvoerder 34 Eskader en 2 Vleuel. Ná die oorlog beklee hy verskeie poste, onder meer dié van Bevelvoerder Lugmagstasies Swartkop en Ysterplaat, Senior Lugstafoffisier (Lugmaghoofkwartier), Hoofkommandant Maritieme Groep, Hoof van Staf en Lugadviseur van die Krygstuigraad (1967 – 1972).

## Muller, A.M., Lt genl, SD (geb 1930)

Hoof van die Lugmag sedert 1 Desember 1979. Hy sluit in 1948 as kadet by die Staande Mag aan en word by die SA Lugmag ingedeel. Ná die Koreaanse oorlog, waartydens hy as vlieënier en lid van 2 Eskader gedien het, beklee hy verskeie poste, oa dié van Bevelvoerder 1 Eskader, 24 Eskader en Vegkommandement (SA Lugmag). Hy word in Julie 1978 tot generaal-majoor bevorder en aangestel as Hoof van Lugstaf Operasies by Lugmaghoofkwartier, 'n pos wat hy tot sy aanstelling as Hoof van die Lugmag beklee.

## Nieuwoudt, N.J., Lt genl, SD, SM (geb 1929)

Geneesheer-generaal vanaf 31 Oktober 1977. Ná 'n dienstydperk van ses jaar as mediese offisier in die Burgermag,

sluit hy in 1960 by die Staande Mag aan. Hy word in 1961 bevorder tot Assistent-geneesheer-generaal (Lug) en Bevelvoerder Instituut vir Lugvaartgeneeskunde. Hy word Direkteur van Mediese en Personeelkeuring (SAGD) in 1970 en op 1 September 1975 word hy aangestel as Adjunk-geneesheer-generaal (Mediese Operasionele Diens). Lt genl Nieuwoudt is 'n gekwalifiseerde vlieënier en in hierdie opsig het hy 'n belangrike bydrae tot die lugvaartgeneeskunde in Suid-Afrika gelewer.

## Orenstein, A.J., Genl maj, CB, CBE, CMG (1879 – 1972)

Direkteur van Geneeskundige Dienste van 3 Mei 1918 tot 9 Mei 1919 (waarnemend); Direkteur- generaal van Geneeskundige, Gesondheids- en Tandheelkundige Dienste (19 Desember 1939 – 8 Augustus 1940); Direkteur-generaal van Geneeskundige Dienste (2 Maart 1943 – 30 Augustus 1945). Gedurende die Eerste Wêreldoorlog dien hy oa as waarnemende Direkteur van Geneeskundige Dienste en in die Tweede Wêreldoorlog word hy oor die SA Geneeskundige Dienste (Unieverdedigingsmag) aangestel. Vanaf 1940 tot 1943 is hy in bevel van die SA Mediese Korps in Oos-Afrika en die Midde-Ooste. Hy is in Augustus 1945 tot generaal-majoor bevorder.

## Pienaar, D.H., Genl maj, CB, DSO (1893 – 1942)

Bevelvoerder van 1 SA Divisie vanaf 10 maart 1942 tot sy dood op 19 Desember 1942. Hy sluit in 1911 by die *Natal Police* aan maar kry in 1913 'n oorplasing na die SA Berede Skutters. Gedurende die Eerste Wêreldoorlog dien hy in die SA Veldartillerie aan die oorlogsfront in die Midde-Ooste. Hierna sit hy sy loopbaan as artilleris voort en tot in 1933, toe hy waarnemende bevelvoerder van Robertshoogte geword het, is hy hoofsaaklik verbonde aan die SA Veldartillerie. Hierna volg verskeie aanstellings, oa dié van Bevelvoerder SA Militêre Kollege en Kommandement Transvaal. In Junie 1940 word hy bevelvoerder van 1 SA Infanteriebrigade en hy dien aan die gevegsfront in die Midde-Ooste. As bevelvoerder van 1 SA Divisie vertrek hy op 17 Desember 1942 vanaf die Midde-Ooste na die Unie, maar hy sterf tragies toe die vliegtuig waarmee hy reis, twee dae later by Kisumu neerstort.

## Pienaar, E., Lt genl, SM (geb 1928)

Komptroleur van die SAW (1 November 1968 – 30 September 1976). Hy word in 1952 met offisiersrang in die Staande Mag aangestel en hy dien as lektor by die SA Militêre Kollege en die Militêre Akademie. In 1966 word hy oorgeplaas na die afdeling van Hoof van Staf as Kolonel Finansiële Beplanning en een jaar later word hy Direkteur Programmering en Begroting. Hy is op 1 Junie 1970 tot luitenant-generaal bevorder. Hy verlaat die SAW op 30 September 1976.

## Pirow, O., Adv, KC (1890 – 1959)

Minister van Verdediging vanaf 30 Maart 1933 tot 5 September 1939. Gedurende sy leeftyd het hy hom onderskei as veelsydige sportman, avonturier, regspraktisyn, skrywer, politikus en staatsman. In 1924 verslaan hy kol H. Mentz (destyds Minister van Verdediging) in die algemene verkiesing en word Volksraadslid. In 1929 word hy Minister van Justisie en in 1933 Minister van Verdediging en Spoorweë en Hawens. Hy speel 'n leidende rol in die stigting van die Spesiale Diensbataljon (1933) en inisieer 'n nuwe verdedigingsplan wat die reorganisasie van die Unieverdedigingsmag, die uitbreiding van militêre opleiding en die verhoging van SA se slaankrag ten doel stel.

## Poole, W.H.E., Genl maj, CB, CBE, DSO (1902 – 1969)

Adjunk-hoof van die Generale Staf (2 Maart 1946 – 8 Augustus 1948). Hy begin sy militêre loopbaan in 1920 as manskap in die 9de Infanterieregiment (BM). Ná dienstermyne as bevelvoerder van die Spesiale Diensbataljon en die SA Militêre Kollege dien hy in die Tweede Wêreldoorlog, oa as bevelvoerder van 2 SA Infanteriebrigade (Noord-Afrika) en 6 SA Pantserdivisie in Italië waar hy die geslaagde offensief teen die "Gotiese" verdedigingslinie gelei het.

## Price, R.H., Kol Sir, KBE, CMG, VD (1872 – 1943)

Kwartiermeester-generaal van 12 Januarie 1918 tot 21 Augustus 1919. Hy sluit in 1893 by die *Kaffrarian Rifles* aan en dien in die Britse magte gedurende die Tweede Vryheidsoorlog. In 1915 sluit hy by die Staande Mag aan en gedurende die Eerste Wêreldoorlog dien hy as basisbevelvoerder van die Uniemagte in Kaapstad en Durban. Voor sy aanstelling as Kwartiermeester-generaal dien hy as Direkteur van Oorlogswerwing.

## Rauch, J.H., Brig (1897 – 1977)

Geneesheer-generaal (13 Februarie 1955 – 31 Januarie 1960). Voor sy aanstelling as Geneesheer-generaal, is hy verbonde aan die stadsraad van Germiston as stadsgeneesheer. In sy siviele loopbaan verwerf hy bekendheid as 'n deskundige op die gebied van tropiese siektes; in hierdie verband het hy oa opgetree as adviseur van die SA Lugdiens tov die voorgestelde lugroetes oor Afrika.

## Raymond, E.C., Genl maj, SSA, SM (geb 1923)

Geneesheer-generaal (1 Februarie 1960 – 31 Maart 1969). Hy sluit in 1952 by 6 Veldambulans (Burgermag) aan en vanaf Maart 1956 dien hy in die Staande Mag as mediese offisier by 1 Militêre Hospitaal. Voor sy aanstelling as Geneesheer-generaal, beklee hy die poste van Bevelvoerder 1 Militêre Hospitaal (waarnemend) en Adjunk-geneesheer-generaal Kommandement Noord-Transvaal. Hy is op 1 Desember 1965 tot veggeneraal bevorder. In 1969 is die gelyke rang van generaal-majoor aan hom toegeken.

## Rogers, R.H., Lt genl, SSA, SM, DSO, DFC (geb 1921)

Hoof van die Lugmag van 3 Desember 1974 tot 28 Februarie 1975 (waarnemend) en van 1 Maart 1975 tot 30 November 1979 (vaste aanstelling). Hy attesteer in 1940 in die SA Lugmag en gedurende die Tweede Wêreldoorlog onderskei hy hom as vlieënier en eskaderbevelvoerder in Noord-Afrika en Italië. Hy sluit in 1946 by die Staande Mag aan en dien in verskeie hoedanighede, oa as Aide-de-Camp vir die Goewerneur-generaal en vlieginstrukteur by Sentrale Vliegskool en Langebaanweg. Ná aanleiding van sy voortreflike optrede in die Koreaanse oorlog verwerf hy die Amerikaanse DFC. Hierna beklee hy verskeie poste, oa dié van eskaderbevelvoerder van 12 en 24 Eskader, Senior Staföffisier Operasies (Lugmaghoofkwartier), Bevelvoerder Ligtevliegtuig kommandement en Hoof van Lugstaf.

## Rowland, M.C., Kol, CMG (1862 – 1947)

Kwartiermeester-generaal van 1 Julie 1912 tot 11 Januarie 1918. Hy sluit in 1882 by die *Royal Munster Fusiliers* aan en gedurende die Tweede Vryheidsoorlog neem hy deel aan verskeie veldslae, oa Talana, Spioenkop en Vaalkrantz. Voor sy aanstelling as Kwartiermeester-generaal, is hy betaalmeester van die *Transvaal Volunteers* en Stafoffisier in die Unieverdedigingsmag.

## Smuts, J.C., Veldm, PC, OM, CH, DTD, ED, KC (1870 – 1950)

Minister van Verdediging (31 Mei 1910 tot 18 Maart 1920 en van 6 September 1939 tot 3 Junie 1948); Eerste Minister van 27 Augustus 1919 tot 17 Junie 1924 en van 6 September 1939 tot 3 Junie 1948. As staatsman, politikus en militêr wat internasionale roem verwerf het, het hy ook diep spore in die geskiedenis van die Unieverdedigingsmag getrap. Hy voer die opperbevel oor die Republikeinse magte in die Kaapkolonie gedurende die Tweede Vryheidsoorlog en dien as die Unie se eerste Minister van Verdediging. Gedurende die Eerste Wêreldoorlog is hy in bevel van die suidelike magte in die veldtog in Duitswes-Afrika en in 1916 word hy Bevelvoerende Offisier van die SA magte in Oos-Afrika. In 1917 word hy lid van die Britse Oorlogskabinet. In September 1939 word hy weer Minister van Verdediging en in die volgende jaar word die rang generaal aan hom toegeken. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog dien hy ook as Opperbevelhebber van die magte in die Unie en Rhodesië. Hy is in Mei 1941 tot veldmaarskalk bevorder.

## Steenkamp, J.J., Genl maj, SM (geb 1920)

Kwartiermeester-generaal (1 Januarie 1975 – 30 September 1976). Hy attesteer in die Spesiale Diensbataljon in 1938 en sluit in die volgende jaar by die Staande Mag aan. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog lewer hy aktiewe diens in 2 SA Divisie, word by Tobruk krygsgevange geneem en na Italië gestuur. Ná etlike mislukte ontsnappingspogings word hy in 1944 vrygestel en na die Unie teruggestuur. Hy word in 1954 by die afdeling van die Kwartiermeester-generaal ingedeel en hy dien vervolgens as offisierinstrukteur by SA Leërkollege en Diensvakskool waarvan hy in 1966 bevelvoerder word. Hy word waarnemende Kwartiermeester-generaal op 17 Desember 1974.

## Steyn, V.P. (geb 1913)

Sekretaris van Verdediging (26 September 1965 – 16 Oktober 1966). Hy begin sy loopbaan in die staatsdiens in 1935 en kry 20 jaar later 'n oorplasing na die Departement van Verdediging. Voor sy aanstelling as Sekretaris van Verdediging in 1965, dien hy tien jaar lank as onderhoof van dié Departement.

## Stock, P.G., Kol, CB, CBE (1877 – 1975)

Stafoffisier Geneeskundige Dienste (3 Desember 1913 – 30 Augustus 1914) en Direkteur Geneeskundige Dienste (1 September 1914 – 2 Mei 1918 en 10 Mei 1919 – 2 April 1920). Hy dien as Britse mediese offisier in die Tweede Vryheidsoorlog waarna hy hom in Transvaal vestig. In 1913 word hy as Stafoffisier Geneeskundige Dienste aangestel en gedurende die Eerste Wêreldoorlog dien hy as Direkteur Geneeskundige Dienste in SWA, Oos-Afrika en Frankryk. Ná die verstryking van sy dienstermyn in 1920 keer hy terug na Brittanje.

## Tanner, W.E.C., Brig genl, CMG, CB, DSO (1875 – 1943)

Adjudant-generaal (1 November 1919 – 1 Januarie 1921 en 2 September 1925 – 22 Junie 1933). Hy begin sy militêre loopbaan in 1893 in die *Natal Carbineers* en veg aan Britse kant gedurende die Tweede Vryheidsoorlog. Vanaf 1912 dien hy in die Unieverdedigingsmag en lewer aktiewe diens in die Eerste Wêreldoorlog as bevelvoerder van 2 SA Infanteriebrigade. Ná die oorlog beklee hy verskeie poste, oa dié van Bevelvoerder Robertshoogte (1920) en Kaapse Skiereiland (1921). Tussen Februarie 1930 en Junie 1932 neem hy by verskillende geleenthede waar as Hoof van die Generale Staf en Sekretaris van Verdediging.

## Theron, F.H., Genl maj, CB, CBE (1891 – 1967)

Direkteur van Krygsverrigtings en Opleiding (SA Leër) van 6 Oktober 1933 tot 30 April 1934; Kwartiermeester-generaal (24 April 1937 – 30 November 1939); Adjudant-generaal (8 April 1940 – 4 November 1940). Hy sluit in 1914 by *Enslin's Horse* aan en dien in die Eerste Wêreldoorlog, oa as Aide-de-Camp van genls Louis Botha en J.C. Smuts. Hierna dien hy as stafoffisier in die Staande Mag en tree by geleenthede op as waarnemende bevelvoerder van Kommandement Transvaal, Robertshoogte en die SA Militêre Kollege. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog word hy die Unieverdedigingsmag se skakeloffisier (Midde-Ooste) en waarnemende bevelvoerder van 2 SA Divisie. Hy word op 27 Julie 1941 tot generaal-majoor bevorder en hy tree uit op 1 Oktober 1945.

## Thornton, E.N., Brig Sir, OBE, CBE, KBE, VD (1878 – 1946)

Direkteur van Geneeskundige Dienste (3 April 1920 – 20 November 1934) en Direkteur-generaal van Geneeskundige, Gesondheids- en Tandheelkundige Dienste (9 Augustus 1940 – 1 Maart 1943). Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog dien hy in die Britse militêre hospitale by Deelfontein en Maitland. Ná die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog word hy bevelvoerder van 2 Algemene Hospitaal en die SA Militêre Hospitaal in Richmond. Hoewel hy in 1920 sy militêre aanstelling neerlê, word hy deeltydse Direkteur van Geneeskundige Dienste. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog dien hy weer in dieselfde hoedanigheid in die Unie.

## Van der Bÿl, R.C.J., Genl maj, SM (geb 1914)

Kwartiermeester-generaal (1 November 1968 – 31 Julie 1974). Hy begin sy militêre loopbaan in die Staande Mag in 1934 en lê sy kadetkursus aan die SA Militêre Kollege met welslae af. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog is hy as Assistent-direkteur van Krygsbehoeftes verbonde aan die Uniemagte se groothoofkwartier in Kaïro. Hy dien ook as Adjunk-skakeloffisier by die Geallieerde hoofkwartier in Suidoos-Asië. Voor sy aanstelling as Kwartiermeester-generaal beklee hy verskillende poste, onder meer dié van Senior Stafoffisier Kommissariaat en Transport en Adjunk-kwartiermeester-generaal.

## Van der Merwe, J.S.J., Veggenl, SM (geb 1911)

Kwartiermeester-generaal (1 November 1959 – 30 November 1965). Hy sluit in 1936 by die Staande Mag aan en dien oa as vlieginstrukteur by die Sentrale Vliegskool. Gedurende

die Tweede Wêreldoorlog is hy verbonde aan Lugmageenhede in die Unie, oa 3 Lugdepot (Pretoria). Hierna dien hy vervolgens in die Tegniese en Administratiewe Tak (Landmag) en die afdelings van die Adjudant-generaal en Kwartiermeester-generaal. Hy word op 1 Desember 1965 aangestel as Hoof van Logistiek en hy beklee dié pos tot sy uittrede op 31 Januarie 1967.

## Van der Riet, W.R., Lt genl, SSA, SM, MC (geb 1914)

Hoof van die Verdedigingstaf (1 Desember 1965 – 30 November 1967). Hy sluit in 1935 by die *Duke of Edinburgh's Own Rifles* aan en dien in die Aktiewe Burgermag tot in Desember 1939. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog verrig hy krygsdiens in die Midde-Ooste en Italië en hierna beklee hy verskeie poste in die Staande Mag, onder meer dié van Bevelvoerder SA Militêre Kollege en Kommandement Noord-Transvaal. In 1963 word hy oorgeplaas na die afdeling van die Kommandant-generaal. Gedurende sy loopbaan, wat op 30 April 1974 ten einde loop, neem hy by geleentheid waar as Kommandant-generaal en Hoof van die Leër.

## Van der Westhuizen, P.W., Lt genl, SSAS, SM (geb 1936)

Hoof van die Staf Inligting sedert 1 Julie 1978. Hy word in Augustus 1959 as luitenant in die SA Leër (SM) aangestel en hy dien vervolgens as troepebevelvoerder by 1 Spesiale Diensbataljon en kompaniebevelvoerder by 2 SA Infanteriebataljon. In 1964 word hy 'n offisierinstrukteur by die Infanterieskool en vier jaar later word hy as stafoffisier by Hoof van Staf Inligting ingedeel. Hierna dien hy as Hoof- militêre instrukteur (Militêre Akademie) en bevelvoerder van die SA Leërkollege en Kommandement Noord-Transvaal. In Junie 1976 word hy Direkteur Insameling in die afdeling Militêre Inligting en in Desember dieselfde jaar word hy aangestel as Direkteur Militêre Inligting. Hy word waarnemende Hoof van Staf Inligting op 15 Junie 1978.

## Van Deventer, A.J., Lt genl, SSA, SM (geb 1930)

Hoof van Staf Finansies (1 Oktober 1976 – 6 Augustus 1979). Hy dien in die Burgermag van 1949 tot in 1955 toe hy by die Staande Mag aansluit. Hierna dien hy as offisierinstrukteur by die SA Militêre Kollege en 4 Veldregiment. In Januarie 1965 word hy Bevelvoerder 2 SA Infanteriebataljon en in Desember 1967 Bevelvoerder Kommandement SWA. Hy dien ook as kommandementsbevelvoerder van die Kommandement Oranje-Vrystaat en Noordwestelike Kommandement. In 1974 word hy Bevelvoerende Generaal 1 SA Korps en in Junie 1976 Direkteur-generaal Strategiese Beplanning HK Hoof van Staf Operasies. Gedurende die Angolese burgeroorlog (1975 – 1976) is hy Bevelvoerder 101 Taakmag. In Augustus 1979 word hy toegevoeg tot die Kantoor van die Eerste Minister. Tans is hy Sekretaris van die Staatsveiligheidsraad.

## Van Ryneveld, H.A., Genl Sir, KBE, CB, DSO, MC (1891 – 1972)

Direkteur van die Lugdiens (1 Februarie 1920 – 30 April 1933) en Hoof van die Generale Staf (1 Mei 1933 – 2 Mei 1949). Gedurende die Eerste Wêreldoorlog sluit hy by die *Loyal North Lancashires* aan en neem aan gevegte deel in Frankryk en die Midde-Ooste. In dié tydperk kry hy 'n oorplasing na die *Royal Flying Corps* en dien as vlieënier. In 1920 onderneem hy 'n historiese vlug vanaf Londen oor Kaïro na Kaapstad. Hy word Direkteur van die Lugdiens in 1920 en hoewel dié pos ná sy aanstelling as Hoof van die Generale Staf in 1933 ses jaar lank nie gevul is nie, bly die Lugmag onder sy bevel tot op 30 Junie 1939. Hy tree in Mei 1949 af.

## Van Velden, D.O., Lt kol, DTD, DSO (1879 – )

Adjudant-generaal (23 Februarie 1921 – 2 September 1925). As Boerekryger neem hy deel aan die Tweede Vryheidsoorlog en hy dien oa op die staf van genl Louis Botha. Gedurende die oorlog word hy krygsgevange geneem en na Bermuda gestuur. In 1913 sluit hy by die Onberede Skutters (Burgermag) aan en neem deel aan die veldtog in Duitswes-Afrika en operasies in Oos-Afrika. In 1918 word hy aangestel as Assistent-adjudant-generaal en ná die verstryking van sy dienstermyn as Adjudant-generaal, word hy Distriksoffisier in die Oos-Londense gebied.

## Van Zyl, J.A., Genl maj, SSAS, SM (geb 1923)

Direkteur van Kapelane (15 Januarie 1965 – 31 Maart 1973) en Kapelaan-generaal sedert 1 April 1973. Ná sy toetrede tot die Staande Mag in 1961, dien hy vervolgens as Senior Stafoffisier Kapelane en Welsyn en Direkteur van Kapelane. Hy is in April 1973 tot generaal-majoor bevorder.

## Venter, C.J., Lt genl, CB, DFC (1892 – 1977)

Direkteur-generaal van die Lugdiens (26 November 1940 – 16 Oktober 1945). Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914 sluit hy by die SA Berede Skutters aan en dien in SWA en Frankryk waar hy as vlieënier in die *Royal Flying Corps* aangewend word. Hy sluit in Januarie 1922 by die SA Lugmag aan en voor die Tweede Wêreldoorlog beklee hy verskeie poste, oa dié van Bevelvoerder Kommandement Kaap en Kaapse Fort. Ná sy uittrede op 16 Oktober 1945 word hy op die Reserwe geplaas en in Maart 1947 tot luitenant-generaal bevorder.

## Verster, J.P., Lt genl, SSA, SM (1919 – 1981)

Hoof van die Lugmag (1 Desember 1967 – 2 Desember 1974). Hy begin met sy opleiding as vlieënier in 1936 en sluit in 1938 by die Staande Mag aan. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog is hy eskaderleier in Noord-Afrika waar hy in 1942 ná 'n noodlanding krygsgevange geneem word. Ná sy vrylating in 1945, beklee hy verskeie poste, oa dié van Militêre Lug- en Vlootattaché in Brittanje. Hy dien ook as ere-Aide-de-Camp van die Goewerneur-generaal en Staatspresident (1953 – 1962). Hy tree af op 28 Februarie 1975.

## Viljoen, B.G., Veggenl, SSA, OBE (geb 1908)

Lugstafhoof (23 September 1956 – 30 April 1965). Hy begin sy militêre loopbaan in 1927 toe hy by die SA Lugmag aansluit. Hierna volg 'n voortreflike loopbaan wat oa termyne as Aide-de-Camp vir die Goewerneur-generaal (Unie) en die koning van Griekeland insluit. Hy dien in die Tweede Wêreldoorlog as Senior Administratiewe Offisier by die SA Lugmaghoofkwartier in die Midde-Ooste. Voor sy aanstelling as Lugstafhoof, dien hy as Adjunk-lugstafhoof. Hy tree af op 30 April 1965.